

## HUISTAAL

### Graad 11

#### Riglyne vir die assessering van Leeruitkoms 2: Lees en Kyk

#### Roman: Opstel

**Leeruitkoms:** *Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*

#### Assesseringstandaarde

- Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, audio- en oudiovisuele tekste:
  - vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste;
  - ontleed hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed;
  - onderskei tussen feite en menings en verduidelik eie respons;
  - verduidelik die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde betekenis);
  - verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee bewyse uit die teks;
  - ontleed en verduidelik die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en toon aan hoe dit betekenis beïnvloed;
    - ontleed die impak op die betekenis van 'n teks van 'n verskeidenheid taal- en literêre stylmiddels;
    - gee en motiveer, met oortuiging, persoonlike response op tekste.
  - Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste:
- evalueer die sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos houdings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies;
- ontleed die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie
- Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word:
  - \*literêre tekste (*hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie*):

#### *Roman*

- ontleed die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik;
- interpreteer en evalueer boodskappe en temas en toon die verband met geselekteerde uittreksels;
- evalueer hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en/of tema;
- verduidelik stemming, tydsverloop, ironiese wendings en afloop.

#### Roman: Opstel

'n "Geselekteerde uittreksel" of 'n verklaring/kommentaar oor die roman kan die prikkel wees vir 'n opstel waar van leerders verwag word om sentrale idees/temas/standpunte, ens. te bespreek. Die opstel is nie 'n opsomming of

samevatting van die storie of intrige nie. Dit beteken dat leerders hul insigte moet neerskryf, gestaaf deur aanhalings waarmee hul 'n sekere punt wil bewys. Die doel met so 'n opstel is dat dit die leser moet lei tot beter begrip en waardering van die teks. Die volgende aspekte is belangrik vir die skryf van 'n opstel:

- **Tema/hoofgedagte**

- Wat is die tema/onderliggende 'onderwerp' van die werk? Onthou 'n tema is altyd universeel en spreek tot enige mens op enige plek in die wêreld. Evalueer die tema en verklaar hoe dit verband hou met die geselekteerde uittreksel(s). Op watter wyse dra die skrywer die tema oor?
- Verklaar bv. hoe die titel, die name van karakters, die beskrywing/handeling/dialoog/gedagtes van die karakters, die soorte karakters (ronde en plat karakters), agtergrond en milieu verband hou met die tema.
- Wat is die **boodskap**/les/leuenswaarhede/leuensinsigte wat uit die verhaal geleer kan word?

- **Intrige/subintrige**

- Ontleed die ontwikkeling van die intrige en/subintrige: die volgorde van gebeure soos die leser daarvan kennis neem – die probleem of uiteensetting (inleiding/motoriese moment), konflik (verwikkeling/die opbou van spanning/ironiese wendings/die klimaks/hoogtepunt) en die ontknoping (slot/afloop/oplossing) m.a.w. die bou van die roman.
- Watter verteltegnieke word gebruik om die intrige te ontwikkel? Bespreek bv. voorafskaduwing, terugflitse, humor, ironie, satire, spot, onderbeklemtoning. Hoe dra hierdie tegnieke by tot die tema of die spanning?

- **Konflik/botsing**

- Ontleed die ontwikkeling van die innerlike en die uiterlike konflik van karakters in die verhaal: Is karakters in direkte konfrontasie met mekaar of is hul vasgevang in situasies buite hul beheer, of is hul in botsing met kragte groter as hulself, of is hul in innerlike konflik met hulself?

- **Rol van die verteller en vertellerspektief**

- Wie is die verteller? Ontleed die rol van die verteller deur sy/haar standpunt/perspektief te gee en dit te staaf met bewyse uit die teks. Waarom word juis hierdie soort verteller (ek-verteller of derdepersoonsverteller) gebruik?
- Wie is die fokalisator, d.w.s. die persoon deur wie se oë ons as lesers kyk?
- Word die teks vanuit 'n derdepersoonsperspektief of eerste persoonsperspektief gekommunikeer?

- **Agtergrond en milieu/ruimte**

- Bepaal die omstandighede/agtergrond waarteen die verhaal hom afspeel.
- Wat is die milieu/ruimte? Bepaal die ruimte/plek waarteen die verhaal afspeel.
- Evalueer die verband wat die ruimte op die karakter(s) en/of tema het.
- Hoe sluit die ruimte aan by die betekenis of die intrige en by die tema?

- Hoe help die ruimte om die stemming of toon te skep?
- **Karakteruitbeelding of karakterisering**
  - Maak 'n lys van die vernaamste karakters met hul karaktereienskappe. Vergelyk of kontrasteer twee karakters met mekaar.
  - Hoe help 'n karakter se dialoog en handeling om hom/ haar uit te beeld?
  - Ontleed hoe 'n gebeurtenis lei tot 'n karakter se verandering.
  - Hoe ontwikkel die karakter(s) of word hy/sy geopenbaar soos die verhaal vorder?
  - Leer ons karakters ken deur hul houdings, gebare, taal, handeling en besluite of wat die verteller van die karakters sê of wat die karakters van hulleself sê of wat ander karakters van hulle en van mekaar sê?
  - Bepaal of 'n karakter *innerlik* (temperament, sienswyse van die lewe, beoordeling van ander karakters en gebeure, ernstig, ligsinnig, vrolik, suinig ens.) of *uiterlik* (voorkoms, handeling, klere) beskryf word
- Bespreek die rol van **simbole** in die verhaal.
- **Stemming, tyd en tydsverloop**
  - Verduidelik stemming/atmosfeer (milieu kan bydra tot die skep van atmosfeer; woordkeuse/toon belig stemming; taal en styl dra by tot 'n bepaalde atmosfeer), tyd (vertelde tyd/verteltyd) en tydsverloop (chronologies/ achronologies).

Natuurlik sal 'n mens nie al bogenoemde aspekte in elke roman aantref nie en hoef dit ook nie almal behandel te word nie. Sorg net dat die leerders al die begrippe kan raaksien. Onthou ook die waarskuwing in skuinsdruk by die  
 Assesseringstandaard: *hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie.*